

Inkarnasie

Ter wille van ons: Die inkarnasieleer is die deel in die teologie wat hom besig hou met die menswording van die Tweede Persoon van die Triniteit – die Seun. Die Niceense belydenis bevat 'n sin wat van groot belang is. “Hy het *ter wille van ons*, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword”... In hierdie woorde word die geheimenis van die inkarnasie ingelei. Dit moet dadelik duidelik gestel word dat ons in ons denke oor die inkarnasie beperk gaan word deur ons eie menslikheid. Ons word beperk tot dit wat in die Openbaring aan ons meegedeel word. Die Bybel beskryf die rede, die rolspelers en die gevolg, maar nie die proses nie. Wat beteken dit?

Die rede; Ter wille van ons, vir ons saligheid. Jesus het nie vir een of ander onbenullige rede mens geword nie. Dit is opvallend dat nóg die Niceense belydenis, nóg die Apostoliese geloofsbelydenis 'n volledige leer oor die sonde bevat. Die sondeval word ook nie bely nie. Die gevalle mens is die toestand waarin ons verkeer en uit die aard van die mens se verlorenheid het ons geen belydenis of leerstuk nodig om dit te beskryf of motiveer nie. Die sondeval word veronderstel in die Niceense belydenis deur die verwysing “vir ons”.

Die Openbaring van God in Christus het nie ten doel om ons kennis oor God te gee sodat ons met volledige of ten minste goddelike kennis deur die lewe kan gaan

nie. Niks minder as ons saligheid nie en die moontlikheid om die ewigheid in te gaan, is op die spel. Die openbaring van God is nie sodat ons die heelal beter kan verstaan of nie alleen hoef te voel nie. Die sondeval vertel die verhaal van die mens wat vervreem is van God. Dit is die veronderstelling dat ons verlore situasie nie deur die mens self aangespreek kan word nie,

Die inkarnasie vertel van God se ingrype in ons werklikheid in ('n werklikheid wat deur Hom geskep is) deur ons saligheid te verseker. Die rede vir die inkarnasie is menslike saligheid teen die agtergrond van die sondeval en daaropvolgende menslike verlorenheid en nood. Dit is nie nodig om iets oor die sonde in ons geloofsbelydenis te bely nie, maar dit vorm die agtergrond en rede vir die openbaring wat ons ter wille geskied. Jesus het ook nie mens geword om almal te red nie, anders as wat Origenes gedink het. Hy was van oortuiging dat selfs die demone teen die einde van tyd gered sou word. Nee, Jesus het gekom om ons (mense) se saligheid te verseker, en dan ook nie alle mense nie.

Jesus het vanuit die hemel gekom (inkarnasie), Hierdie woorde is in reaksie op Photinus wat oortuig was Jesus was 'n gewone mens wat deur goedheid goddelike status verwerf het. Die inkarnasie is ook verkondig teenoor die Manigeïsme wat beweer het Jesus het net die skyn van menswees gehad, maar het nie ten volle mens geword nie.



Die inkarnasieleer veronderstel dat die mens nie self iets goeds kan doen nie, dat ons nie ons eie redding kan bewerkstellig nie en dat die kloof tussen die goddelike sfeer en die menslike situasie nie deur die mens oorbrug kan word nie.

In ons nadenke oor die inkarnasie moet ons die rolspelers in oënskou neem. As breë kategorie is God en mens betrokke. Al is dit die Triniteit wat betrokke is, is dit die Vader wat stuur, die Seun wat gestuur word, en die Heilige Gees wat die stuurproses fasiliteer. So verstaan moet ons stel dat die Seun die een is wat as mens gebore word, en die Heilige Gees is die een wat die konsepsie moontlik maak. Maria is die mens betrokke as rolspeler wat beteken dat Jesus as ware mens gebore word.

In kontras met die Roomse kerk wat 'n sterk Mariologie (leer oor Maria) het, is die Reformatoriese fokus op die maagd Maria op so 'n manier dat Maria nie spesiale eer of aanbidding ontvang nie. Sy word by name genoem omdat sy aanduiding is van 'n persoon in die loop van menslike geskiedenis. As persoon is sy die moeder van Jesus van Nasaret en in daardie hoedanigheid waarborg van sy ware menslike natuur.

Die Heilige Gees is die een wat dit so bewerk dat Maria swanger word. Die Gees is die aktiewe krag van God wat die swangerskap moontlik maak. Dit is moontlik om vanuit 'n godsdiensfenomenologies¹ perspektief na hierdie

stelling te kyk. In 'n vergelykende studie met ander godsdienste kan daar dan verwys word na vele mense wat gebore is as resultaat van mens en god se interaksie. Dit dra niks by tot die geloof wat ons bely nie omdat die ooreenkomste op 'n paar sleutelpunte ontbreek.

In die geboorteverhaal van Jesus is daar geen sprake van wellus, begeerte of liefde tussen mens en god nie. Daar is geen sprake van verleiding of 'n verhouding nie. Daar is geen sprake van 'n seksuele daad nie, nie eens in metaforiese taal nie. Daar word bloot gestel dat die Heilige Gees betrokke was by die swangerskap van Maria. Hierdie swangerskap het van die Heilige Gees gekom. Hoe dit gebeur het, is nie deel van die openbaring nie.

Daar is diegene wat in die gees van die modernisme hierdie maagdlike verwekking ontken. Hulle beweer dat die verwysing na "maagd" metaforiese taal is om te verwys na goddelike inisiatief in die lewe en optrede van Jesus van Nasaret. Hulle verstaan die belydenis asook die geboorteverhale as aitiologiese mites (Grieks αἰτίασ – rede, oorsaak). Met ander woorde; verhale wat uitgedink is om in retrospek die oorsprong (oorsaak) van die konsep van Jesus as Seun van God te verklaar. Hulle huiwer ook nie om die historiese aard van die vertellings oor die geboorte tot mites te verklaar nie. Hulle maak die geboorteverhaal los van die res van die geskiedenis van Jesus omdat daar

¹ WAT stel: gods'diensfenomenologie s.nw. (teologie)
1 Vorm van godsdiensfilosofie wat die fenomenologiese metode op die studie van die religieuse toepas, d.w.s. wat die wese van die goddelike en die heilige, die wese

van die religieuse akt, die sin van die religieuse uitings en die vorm waarin die religieuse hom verbesonder, langs intuïtiewe weg bestudeer. 2 Studie van die uiterlike verskynsels waarin die religieuse hom in die mens openbaar. godsdiensfenomenologies b.nw.

in die geboorteverhaal so baie drome, engele en visioene beskryf word.

Dit is dieselfde 'geleerdes' wat dan ook die opstanding wil "ontmitologiseer". Dit is waar dat daar telkens by die geleentheid waar hemel aan aarde raak, gebruik gemaak moet word van ander taalgebruik. Die inkarnasie kan nie sonder visioene, drome, engeleverskynings en geheimenis vertel word nie. God lig self die sluier en menslike taal kan nie ontsluitend daarvoor praat nie. Dit is herhaaldelik so dat taalgebruik verander by wondervertellings, die geboorte, die opstanding, die hemelvaart. Dit maak nie die gebeurtenisse wat beskryf word minder histories nie, dit maak dit net moeilik om dit ten volle onder woorde te bring.

In die bespreking oor die skepping is verwys na die evolusieleer. Hierdie leer sluit 'n kosmogenezis, 'n lewensgenese, en 'n mensegenese in. Die evolusionêre oortuiging is dat al hierdie prosesse en vorms van evolusie natuurlik en oor 'n lang tyd plaasgevind het. Teen so 'n agtergrond klink die inkarnasie soos 'n fantastiese verbeeldingsvlug. Volgens moderniste is die wetenskap, die menslike biologie en die evolusie bewyse dat 'n maagdelike verwekking onmoontlik is. Histories-kritiese eksegetiese 'ontmitologiseer' die Messias-geboorteverhaal totaal.

Die besondere formulering van die belydenisse maak ons ontvanklik vir 'n verstaan wat nie om 'n half-en-half, 'n vermenging uitloop nie. So baie van die Griekse en Romeinse legendes vertel van gode en mens wat omgang gehad het. Die kinders wat uit hierdie omgang gebore is, was iets van beide. Half mens en half

god, nie meer *homo sapiens sapiens* nie, maar *homo divinitus sapiens*. In Egipte se piktografie sien ons gode met menslyf en dierkop. 'n Verbastering wat nog vis nog vlees kan wees. Teenoor hierdie legendariese beelde bely ons dat Jesus Christus ware mens en ware God was. Hoe dit moontlik is, kan ons nie verklaar nie omdat die proses nie aan ons openbaar is nie. Dat dit so is, kan ons weet omdat die Bybel dit aan ons openbaar.

Die Evangelies wou nie uit biologiese nuuskierigheid iets vertel nie, hulle wou die waarheid oor die Seun verhaal, die tekens wat daar was, opteken. Net so is Jesus volgens die reg van die dag seun van Dawid, nie liggaamlik biologies seun van Josef, seun van Dawid nie. Jesus se maagdelike geboorte, is net soos die leë graf, begeleidende teken van God se openbaring. Met hierdie sin word gestel dat die leë graf net so werklik was as die maagdelike verwekking.

"Gebore uit 'n maagd" spreek volgens van Niftrik 'n oordeel uit oor die mensdom. Uit 'n mens kan die Heiland nie voortkom nie, die Here self moet die Heiland skenk, in die moederskoot plaas. Dit is nie deel van die historiese kontinuïteit waaraan ons as mense so gewoond is nie, God breek van buite in ons werklikheid in.

Die stelling is problematies vir diegene wat van natuurwette absolute voorskrifte wil maak - wat selfs aan God dikteer. Dit is 'n vergissing. Per slot van sake is natuurwette sistematiese beskrywings van natuurverskynsels wat reëlmatig (wetmatig) voorkom. Dit maak nie die wette

voorskriftelik nie, net deskriptief tot 'n baie groot mate van sekerheid.

Gebore, nie in die wêreld ingekom nie. Van die Hindu god Vishnu word gestel dat hy as wit olifant in die sy van sy ma ingegaan het en as perfekte mens by haar regtersy uitbeweeg het. Christene soos Valentinus het gedwaal deur van Maria bloot kanaal te maak vir die goddelikheid om in die menslike werklikheid in te kom. Teenoor diè dwaling moet duidelik gestel word dat Hy gebore is. Dit sluit in die verskillende trimesters waardeur 'n swanger vrou gaan, die geboortepyne en die geboorteproses wat elke mens belewe. Josef het nie vir Maria beken nie. Jesus word sonder erfsonde gebore, omdat God Maria begenadig het. God se genade skep in die sondelose Jesus eenheid tussen God en mens, en dit word aangedui deur die maagdelike geboorte. Dit wil nie menslike seksualiteit die kern van die erfsonde maak nie, dit wil nie eens seksualiteit tot sonde verklaar nie, God se genade is los van menslike drange en drifte, die geboorte van die Heiland het met genade te make en daarom geen man wat sperm skenk nie, net die Gees wat verwek.

Diegene wat 'ontvang van die Heilige Gees' wil verstaan as geestelike werklikheid wat net wil stel dat Jesus se lewe gevul was met die teenwoordigheid van die Heilige Gees, lees iets in wat nie daar was of is nie. Ontvang van die Heilige Gees wil dit duidelik stel dat Maria die moeder is van 'n kind wat wonderbaarlik verwek is. Daar was met ander woorde 'n biologiese gevolg van die werking van die Gees – swanger maagd.

Die verlossing kan nie vanuit die skepping verstaan word nie. Die skepping het nie verlossing ten doel gehad nie. Die mens en die sondeval in besonder het die skeppingsdoel 'verydel'. God het die skepping in liefde tot Sy eer geskep. Sonde was die mens se poging om die eer vir homself toe te eien. Die skepping, soos ook die res van die openbaring, kan net vanuit die perspektief van die verlossing verstaan word. Om mee af te sluit, Aquinas vertel dat ons kan leer by die reisiger van 'n ver land. Ons kan meer leer oor daardie land deur te luister na die een wat van daardie land kom. Op soortgelyke wyse is die inkarnasie ons versekering dat ons nou iets kan leer oor die hemel, omdat Jesus van daardie werklikheid na ons werklikheid gekom het. Hy gee ons 'n blik op die hemel.

Diegene wat nie vrede kan maak met die gedagte van hemel nie en tog glo dat daar meer as een dimensie is, se denke moet duidelik verruim word. Daar is talle mense wat wil glo in die veelheid van heelalle (multiverse)² sonder enige bewyse. Die werklikheid van die hemel as God se werklikheid en die inkarnasie as die gebeurtenis van die Seun wat mens geword het, word skaamteloos in die evangelies verkondig. Dit sluit in die verwekking van 'n Verlosser deur die Gees, in 'n maagd met die naam Maria.

² <http://www.space.com/18811-multiple-universes-5-theories.html>